KRAM

**VRAAG 2: LOKUSSE**

'n Plat nok roteer kloksgewys en dra liniêre beweging oor aan 'n rollervolger van 20 mm deursnee.

0° tot 90° styg 40 mm met eenvoudige harmoniese beweging;
90° to 150° rus;
150° to 270° daal 40 mm met konstante versnelling;
270° to 360° rus.

- Die minimumradius van die rollersenter tot die nokassenter is 45 mm.
- Die nokasdeursnee is 25 mm.
- Die hartlyn van die nokvolger en dié van die nok lê in dieselfde vlak.

**Instruksies:**

2.1 Teken die verplasingsdiagram. Dui duidelik die intervalle aan.
2.2 Teken die profiel van die nok en die rollervolger by elke interval.
2.3 Dui die rotasie-rigting met 'n pyl aan.

**Notas:**

Dui alle konstruksie aan.
Laat 60 mm 360° nokrotasie voorstel. **[36]**

| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| Benoeming | | 4 |
| Konstruksie | | 9 |
| Verplasingsdiagram | | 8 |
| Nokprofiel | | 15 |
| **TOTAAL** | | **36** |

| NAAM |
|---|
| |
| NAAM |

3

Kopiereg voorbehou